YLA Hekel Saam Projek- Voorbereiding dokument

Is jy opgewonde om te begin? Die YLA Hekel Saam Projek Vier Seisoene gaan op die 4de Januarie 2017 begin. Hierdie dokument verskaf die nodige inligting om jouself vir hierdie projek voor te berei. Lees dit asseblief aandagtig deur. Solank jy die basiese hekel steke kan maak, sal jy kan deel in die YLA CAL.

Die inspirasie vir die YLA Hekel Saam Projek kom van die vier seisoene. Elke seisoen het sy eie bekoring en pragtige kleure. Ons het die kleur kombinasies beplan met die seisoene in ons gedagtes. Watter seisoen is jou gunsteling? Kyk gerus na die offisiële wol pakke in ons webwinkel.

Materiaal

15 bolle Caron Simply Soft of Stylecraft Special DK
2 hekelpenne (sien inligting oor spannings blokke vir die groottes)
Boksie steekmerkers
Tapeserie naald
Skêr

Vrystellings datums

Om almal genoeg tyd te gee om aan die projek te werk, gaan die patrone elke tweede week vrygestel word. Daar gaan 8 dele wees. Ons beplan om die patrone teen 10.00 VM (Duitse tyd) aanlyn beskikbaar te hê. Jy kan die patrone op ons blog en in die spesiale YLA Crochet Along Facebook groep aflaai.

Patroon deel 1: Woensdag 01/04/2017
Patroon deel 2: Woensdag 01/18/2017
Patroon deel 3: Woensdag 02/01/2017
Patroon deel 4: Woensdag 02/15/2017
Patroon deel 5: Woensdag 03/01/2017
Patroon deel 6: Woensdag 03/15/2017
Patroon deel 7: Woensdag 03/29/2017
Patroon deel 8: Woensdag 04/12/2017

KOPIEREG AANDAG: hierdie patroon is deur kopiereg beskerm en is eiendom van YLA Lifestyle & Wol. Veranderinge aan die patroon is onaanvaarbaar. (Gratis) Verspreiding van hierdie patroon word verbied.

Kleur kaart

Die oorspronklike komberse is met Caron Simply Soft gemaak. Ons het 15 bolle in 11 verskillende kleure gebruik. Daar is, soos jy in die fotos kan sien, een hoof kleur. Vir die seisoene winter, lente en somer het ons 4 bolle van die hoof kleur gebruik, vir herfs het ons 5 bolle gebruik.

Jy kan na die volgende inligting van die seisoen wol-pakke kyk.

Caron Herfs	**Stylecraft Herfs**	**Caron Winter**	**Stylecraft Winter**	**Caron lente**	**Stylecraft Lente**	**Caron Somer**	**Stylecraft Somer**
1x Bone	1x Stone	1x White	1x White	1x Soft Pink	1x Candy Floss	1x White	1x White
1x Pumpkin	1x Spice	1x Grape	1x Violet	1x Plum Wine	1x Pale Rose	1x Superduper Yellow	1x Citron
1x Autumn Red	1x Claret	1x Iris	1x Lobelia	1x Sage	1x Sage	1x Limelight	1x Grass Green
1x Harvest Red	1x Lipstick	1x Robin's Egg	1x Sherbet	1x Strawberry	1x Shrimp	1x Cobalt Blue	1x Turquoise
1x Pistachio	1x Meadow	1x Pagoda	1x Teal	1x Orchid	1x Wisteria	1x Royal Blue	1x Royal
1x Gold	1x Saffron	1x Blue Mint	1x Turquoise	1x Sunshine	1x Saffron	1x Grape	1x Magenta
1x Burgundy	1x Burgundy	1x Ocean	1x Petrol	1x Light Country Blue	1x Storm Blue	1x Watermelon	1x Fondant
1x Light Country Peach	1x Apricot	1x Purple	1x Emperor	1x Blackberry	1x Clematis	1x Red	1x Matador
1x Chocolate	1x Walnut	1x Cool Green	1x Aspen	1x Sparkle Violet / Platinum	1x ByClaire Sparkle Lila	1x Mango	1x Sunshine
1x Sparkle Red	1x ByClaire Sparkle Red	2x Sparkle Snow	2x ByClaire Sparkle Silver	2x Off White	2x Cream	2x Sparkle Fuchsia	2x ByClaire Sparkle Fuchsia
5x Taupe	5x Mocha	4x Soft Blue	4x Cloud Blue	4x Soft Green	4x Duck Egg	4x Green	4x Kelly Green

Wil jy eerder jou eie kleur kombinasies maak of met 'n ander soort wol werk? Jy gaan dan self berekeninge maak om te bepaal hoeveel wol jy gaan nodig hê. 'n Bol Caron Simply Soft weeg 170 gram (6 oz.) met 'n lengte van 288 meter (315 treë). 'n Bol Stylecraft Special DK weeg 100 grams (3.5 oz.) met 'n lengte van 295 meter (322 treë).

Ons sal dit waardeer indien jy jou wol van ons bestel. Ons wil jou graag bystaan en advies gee oor jou kleur kombinasies.

Hekelpenne

Ons het 'n 5 mm (US H/8) hekelpen vir die hoofdeel van hierdie projek gebruik, en 'n 5.5 mm (US I/9) hekelpen vir sommige dele. (Vir Stylecraft Special DK 'n 4 mm (US G/6) en 'n 4.5 mm (US 7)). Almal het hulle eie styl en garing/wol spanning, jy mag moontlik 'n groter of kleiner hekelpen gebruik. Jy kan dit bepaal deur 'n spanning blokkie te maak. 'n Spanning lappie laat jou kyk of jou steke met die patroon se spanning ooreenstem.

KOPIEREG AANDAG: hierdie patroon is deur kopiereg beskerm en is eiendom van YLA Lifestyle & Wol. Veranderinge aan die patroon is onaanvaarbaar. (Gratis) Verspreiding van hierdie patroon word verbied.

Spanning toets blokkie

Maak 'n spanning toets blokkie om vas te stel of jou spanning reg is, sodat jou kombers dieselfde demensies het as die oorspronklike het. Dit is nie 'n probleem as jy nie die toets blokkie maak nie. Onthou net asseblief dat jou kombers dan moontlik groter of kleiner kan wees as die oorspronklike en jy mag dalk uit wol hardloop. ☺

Werk 13 ks + 2 ks, 1 lb in die derde ks van jou hekelpen (tel as 1 lb), 12 lb, draai, 3 ks, 12 lb. Herhaal tot jy 7 rye lb het. Jou toets blokkie sal 10x10 cm (4 x 4 duim) meet. Indien jou toets blokkie groter is, gebruik 'n kleiner hekelpen. Indien jou toets blokkie kleiner is, gebruik 'n groter hekelpen.

Gebruik jy Stylecraft Special DK? Jou toets blokkie gaan kleiner wees en gaan ongeveer 9x9 cm (3.5 x 3.5 duim) meet. Indien jou toets blokkie nie die regte afmetings het nie, verander jou hekelpen grootte.

Voltooide grootte

Die grootte van die kombers wat met Caron Simply Soft gemaak is, sal ongeveer 115x165 cm (45 x 65 duim) wees. Die kombers wat met Stylecraft Special DK gemaak is, gaan kleiner wees, ongeveer 105x145 cm (41.5 x 55 duim). Die voltooide grootte mag verskil van die oorspronklike indien jou steke nie ooreenstem met die patroon se spanning nie, soos ons hierbo verduidelik het.

Steek merkers

Ons gebruik steek merkers in verskeie plekke om jou te help om sekere steke makliker te vind. Maak asseblief seker dat jy 'n boksie steekmerkers byderhand het.

Onsigbare hegting

In die beskrywing van die patroon begin ons elke keer met 'n hoeveelheid kettingsteke en eindig met 'n glip steek. Op hierdie wyse is die patroon ook maklik vir beginners.

Om jou rondtes netjies te eindig, sonder 'n sigbare hegting, kan jy die onsigbare hegtings metode gebruik. Jy kan ook jou rondtes met 'n staande steek begin, inplaas van met die kettingsteke aan die begin. Wil jy weet hoe hierdie metodes werk? Kyk na hierdie duidelike verduideliking

Ek hoop jy het hope pret met die voorbereiding en ek hoop jy gaan op die 4de Januarie 2017 by ons aansluit!

Vriendelike groete,
Yvonne & Lotte
YLA Lifestyle & Wol

KOPIEREG AANDAG: hierdie patroon is deur kopiereg beskerm en is eiendom van YLA Lifestyle & Wol. Veranderinge aan die patroon is onaanvaarbaar. (Gratis) Verspreiding van hierdie patroon word verbied.